# AFRIKAANS AS A SECOND LANGUAGE

**Paper 0548/01**
**Reading and Writing**

**Kernboodskappe**

Ten einde goed te vaar in **Oefening 1** moes kandidate:

- die teks met begrip lees
- verstaan wat in elke vraag van hulle verwag word
- inligting in die teks identifiseer, en
- die vrae verstaanbaar, bondig en doeltreffend in Afrikaans beantwoord.

Ten einde goed te vaar in **Oefening 2** moes kandidate:

- die teks met begrip lees
- verstaan wat van hulle verwag word, en
- inligting uit die teks akkuraat en doeltreffend op die vorm oordra.

Ten einde goed te vaar in **Oefening 3** en **4** moes kandidate:

- die teks met begrip lees
- die opdragte verstaan
- relevante inligting in die teks identifiseer
- bondige aantekeninge onder gegewe hofies maak (Vraag 3)
- inligting oor 'n aspek van die teks opsom (Vraag 4), en
- die opsomming in een paragraaf van hoogstens 80 woorde en hoofsaaklik in hulle eie woorde skryf (Vraag 4).

Ten einde goed te vaar in **Oefening 5** en **7** moes kandidate:

- die opdrag verstaan
- sinvol en doeltreffend op die opdrag reageer
- hulle verstaanbaar en doeltreffend in Afrikaans uitdruk
- punktuasie, sinne en paragrawe doeltreffend gebruik
- die drie aspekte van die opdrag in hulle brief dek (Vraag 5)
- hulle mening van die gegewe onderwerp bespreek (Vraag 7), en
- die gepaste toon en formaat vir hulle skryfstuk gebruik.

Ten einde goed te vaar in **Oefening 6** moes kandidate:

- die teks met begrip lees
- verstaan wat in elke vraag van hulle verwag word
- die toepaslike inligting in die teks identifiseer
- slegs die relevante inligting in hulle antwoorde verskaf
- antwoorde gee wat sinvol op die vrae volg, en
- die vrae duidelik, bondig en doeltreffend in Afrikaans beantwoord.


https://xtremepape.rs/
© 2018

**Kommentaar op spesifieke vrae**

**Oefening 1**

**Vraag 1:** Die meeste kandidate het hierdie vraag reg beantwoord. Hulle kon slegs "Boland" of "In die Boland" antwoord. Dit was onnodig om "Suid-Afrika" na "Boland" in te voeg, want Suid-Afrika is reeds in die vraag genoem.

**Vraag 2:** Die meeste kandidate het hierdie vraag reg beantwoord.

**Vraag 3:** Baie kandidate het hierdie vraag reg beantwoord, maar dié wat slegs "gereeld" in plaas van "te gereeld" geskryf het, het een punt verbeur, want hulle moes aandui dat veldbrande skadelik is as dit té gereeld plaasvind.

**Vraag 4:** Hier kon kandidate slegs "Februarie" skryf. Die paar wat "Februarie 2015" geskryf het, het ook die punt gekry. Verskeie kandidate het verkeerdelik al die maande wat in die teks genoem word, geskryf.

**Vraag 5:** Kandidate wat "Blom" of "Dit moet blom" geantwoord het, het die punt verdien. Sommige kandidate het probeer om direk uit die teks aan te haal en byvoorbeeld "Dit het gebeur omdat die plante na die vorige brand nie kans gehad het om te blom nie" geskryf; hulle het nie 'n punt gekry nie omdat die antwoord nie begrip van die vraag toon nie.

**Vraag 6:** Die meeste kandidate het hierdie vraag reg beantwoord. Verskeie het egter "proteas en erikas" geskryf en nie die punt gekry nie.

**Vraag 7:** Talle kandidate het hierdie vraag reg beantwoord. Ongelukkig het sommige kandidate die sin "Doen dus jou deel en voorkom veldbrande" direk uit die teks neergeskryf. Kandidate moet ook herinner word om hulle antwoord op die teks te baseer en nie hulle algemene kennis te gebruik nie. 'n Antwoord soos "Moenie stompies in die veld laat val nie" het geen punt verdien nie.

**Algemene kommentaar:**

- Kandidate moet die vrae deeglik lees sodat hulle akkurate antwoorde kan skryf.
- Kandidate moet herinner word dat hulle kort antwoorde mag skryf, maar nie telegramstyl moet gebruik nie. Hulle moet genoeg inligting verskaf om te wys dat hulle die vrae verstaan.
- Hulle moet hulle elke keer afvra of die antwoord wat hulle neerskryf werklik die vraag beantwoord.
- Die antwoord moet logies op die vraag volg: Sommige kandidate verbeur punte deur hele sinne direk uit die teks neer te skryf en te hoop dat die antwoord êrens daarin skuil. Kandidate wat geneig is om twee of drie sinne woordeliks uit die teks oor te skryf omdat hulle hoop die korrekte antwoord gaan êrens daarin wees, moet besef dit gaan nie werk nie.
- Antwoorde moet met 'n hoofletter begin en met 'n punt eindig.
- Kandidate moet besef dat die ruimte wat vir antwoorde verskaf word, genoeg is vir iemand met 'n normale grootte handskrif. Dit behoort nie nodig te wees om twee of drie handgeskrewe reëls per gegewe reël in te druk nie.
- Die vrae moenie in die antwoorde herhaal word nie. Dit is onnodig en 'n vermorsing van tyd.

**Oefening 2**

**Vraag 7**

- Die meeste kandidate het die vorm besonder goed ingevul.
- Alhoewel die meeste kandidate "Oktober" reg gespel het, was daar wel 'n klein groepie wat dit met 'n "c" geskryf het.
- Dit is verblydend dat baie min kandidate die adres verkeerd neergeskryf het. Slegs 'n paar het "Kloofweg" as twee woorde geskryf of die straatnommer voor die straatnaam geskryf. 'n Baie klein groepie het die skool se adres in plaas van die huisadres geskryf.
- Kandidate moet herinner word om die hoofletter aan die begin van maand- en straatname duidelik aan te dui. As dit soos 'n kleinletter lyk, verbeur hulle die punt.
- Kandidate moet herinner word dat hulle in die adres slegs die ontbrekende inligting moet neerskryf – die pleknaam staan reeds daar en moet dus nie herhaal word nie.
- Kandidate moet herinner word om adresse en datums reg neer te skryf, want slegs as dit perfek neergeskryf is, word 'n punt toegeken. Hierdie aktiwiteit toets kandidate se vermoë om akkuraat te lees en inligting akkuraat oor te dra.


https://xtremepape.rs/
© 2018

- Die meeste kandidate het die punt vir "Elke dag" gekry.
- Sommige kandidate het nie die twee punte vir "Pa" en "Ek" gekry nie. Hulle het net 'n regmerkie by "Pa" gemaak, maar nie "Ek" ingeskryf nie. Kandidate wat "Nina" in plaas van "Ek" geskryf het, het die punt verbeur – hulle moes onthou hulle vul die vorm namens Nina in.
- Talle kandidate het die punt vir "Min" gekry.
- Hoewel baie kandidate "Vegetariese kos" korrek beantwoord het, het verskeie "vegetariese" verkeerd gespel. Hulle moet onthou hulle vermoë word getoets om inligting akkuraat oor te dra.
- Heelwat kandidate het "volg in haar/my ma se voetspore" in plaas van "dieetkundige" geskryf. Hulle moet herinner word om inligting so bondig moontlik te verstrek en niks onnodigs te noem nie.

**Oefening 3**

Die kandidate wat goed in hierdie oefening gevaar het, het doeltreffend verstaan wat in elke onderafdeling van hulle verwag is:

In **Vraag 9** moes hulle slegs "moltreine" en "trems" noem – hulle moes na die gegewe antwoord oplet en op soortgelyke wyse voortgaan. Kandidate wat "historiese groen trem" in plaas van "trem" geskryf het, het die punt verbeur, want hulle moes slegs die vervoermiddel noem.

In **Vraag 10** moes hulle voordele noem. Die meeste kandidate het redelik goed gevaar, maar te veel het gedink dit is genoeg om slegs al die gratis goed wat Vuka-kopers kry, te noem.

In **Vraag 11** moes kandidate verskille tussen die BMW C1 en die Vuka noem. Sommige kandidate het slegs kenmerke van een van die twee genoem in plaas van om byvoorbeeld te sê "Die BMW C1 het 'n dak, maar die Vuka het nie 'n dak nie".

**Algemene riglyne:**

- Kandidate moet onthou dat hulle verkieslik notavorm/telegramstyl moet gebruik en geensins volsinne hoef te skryf nie. Hulle antwoorde moet sinvol onder die gegewe hofies pas.
- Kandidate moet beslis nie (lang) sinne woordeliks uit die teks neerskryf nie. Dit moet duidelik wees dat hulle die teks verstaan en inligting kan selekteer.
- Die ander uiterste is ook nie aanvaarbaar nie: In **Vraag 10** en **11** was dit byvoorbeeld nie voldoende om 'n enkele woord per reël te skryf nie. 'n Antwoord soos "prys" in plaas van "Vuka goedkoper as BMW C1" was byvoorbeeld onvoldoende. In **Vraag 9** was enkele woorde wel nodig.
- Kandidate moet herinner word dat hulle na albei sake moet verwys as hulle vir verskille gevra word of gevra word om twee sake te vergelyk.
- Kandidate moet besef dat die ruimte wat vir antwoorde verskaf word, genoeg is vir iemand met 'n normale grootte handskrif. Dit is onnodig om twee of drie handgeskrewe reëls per gegewe reël in te druk.

**Oefening 4**

**Vraag 11**

- Oor die algemeen vind kandidate die opsomming steeds moeilik en het hoofsaaklik twee foute begaan:

  - Verskeie kandidate het slegs 'n klomp vervoermiddels opgenoem in plaas van om te beskryf hoe dit gebruik word om die verkeer vry te spring.
  - Talle kandidate het net 'n reeks sinne of sinsdele direk uit die teks neergeskryf. Kandidate wie se hele opsomming 'n woordelikse herskryf van sinne en sinsdele uit die teks is, verdien hoogstens een punt. (Sien die kriteria in die tabel in die nasienskema.)

- Dit is belangrik dat kandidate die instruksies noukeurig uitvoer: één paragraaf van hoogstens 80 woorde.


https://xtremepape.rs/
© 2018

**Oefening 5**

**Vraag 12**

- Die meeste kandidate het doeltreffend oor die onderwerp geskryf en die drie onderafdelings goed gedek, naamlik:

  – wie by die konsert optree
  – wanneer en waar die konsert plaasvind
  – waarom hulle so daarna uitsien om na die konsert te gaan.

- Die kandidate wat die beste gevaar het, het die brief met ’n gepaste aanhef begin, die drie onderafdelings in drie paragrawe gedek en daarna met ’n gepaste slot geëindig.
- Die manier waarop ’n brief begin en eindig – die aanhef en slot – verdien aandag.
- Kandidate moet herinner word dat hulle nie hulle adres bo-aan die brief hoef te skryf nie. Heelwat kandidate skryf dit wel, maar dit word geïgnoreer.
- Goeie briewe is gekenmerk deur ’n entoesiastiese inslag en ’n redelik informele geselstoon.
- Kandidate wat sinvol uitgewei het oor waarom hulle soveel van die musikante hou, het ’n hoër inhoudspunt behaal.
- Sommige kandidate het die onderwerp verkeerd verstaan en geskryf oor ’n konsert wat hulle reeds bygewoon het.
- Kandidate word herinner dat hulle die gegewe drie riglyne in hulle skryfstukke moet dek. Dit kan veral nuttig wees vir kandidate wat onseker is of hulle die onderwerp goed verstaan.
- Kandidate moet herinner word om aandag te gee aan die vorm van die skryfstuk. Sommige het ’n opstel in plaas van ’n brief geskryf, wat ’n negatiewe uitwerking op hulle punt het.
- Aandag moet gegee word aan die skryf van sinne en paragrawe en die gebruik van hoofletters en punktuasie.

**Algemene riglyne:**

- Herinner die kandidate dat ’n brief ’n gepaste aanhef en ’n slot moet hê.
- Kandidate moet herinner word om ongeveer 150 tot 200 woorde te skryf.
- Kandidate moet herinner word om in paragrawe te skryf. Die riglyne wat in die onderwerp verskaf word, kan netjies as die hoofgedagtes van drie paragrawe dien.
- Dit is belangrik dat reëls tussen paragrawe oopgelaat moet word – in die antwoordboek word daar genoeg ruimte vir die skryfstuk verskaf.
- Kandidate moet aangemoedig word om reeds in die eerste paragraaf met die onderwerp te begin. Die trefkrag van ’n goeie openingsparagraaf kan nie oorskat word nie.
- Behalwe die algemene foute (sien onder) wat tweede- en derdetaalsprekers tipies begaan en moet probeer vermy, moet kandidate aandag aan die gebruik van leestekens (veral die komma voor “want” en “maar” en tussen gesegdes) en hoofletters (veral aan die begin van ’n sin) gee.
- Kandidate moenie Engelse woorde en uitdrukkings gebruik nie.

**Algemene aspekte wat aandag verdien:**

die aanhef: Beste/Liewe Nicky
die slot: Jou vriend/vriendin/maat
Nicky
die skryf van sinne en die gebruik van volsinne
die gebruik van hoofletters
die gebruik van leestekens, veral punte en kommas
die skryf van paragrawe
die gebruik van besitlike en persoonlike voornaamwoorde
die woordorde na voegwoorde soos “dat” en “omdat”
die gebruik van “stadion” vir die Engelse *stadium*
die verskil tussen “sal” en “wil”
die gebruik van “lyk” en “hou van”
die gebruik van “toe”, “dan” en “wanneer”
die gebruik van “lewe”, “liewe”, “lief”, “lyf”
die gebruik van “so” in plaas van “dus”
die verskil tussen “simpel” en “eenvoudig”.


© 2018
https://xtremepape.rs/

**Vaste uitdrukkings met voorsetsels wat kandidate behoort te ken:**

bly by die huis
gaan na ’n plek
gaan uit vir ete
gee om vir
heg waarde aan
hou van iets/iemand
is opgewonde oor
kuier by iemand
kwaad vir iemand
lief vir iets/iemand
luister na musiek
na my mening
sien uit na
stel belang in iets
verlang na iemand

**Afrikaanse plekname wat kandidate behoort te ken:**

Suid-Afrikaanse name soos Suid-Afrika, Kaapstad, Johannesburg

Name van plekke/besienswaardighede soos Tafelberg, Robbeneiland, Botaniese Tuin, Kirstenbosch-tuin, Kaapstad-stadion

Strandname soos Kampsbaai, Jeffreysbaai, Mosselbaai

Name van lande soos Engeland, Frankryk, Duitsland, Amerika, Kanada

**Oefening 6**

**Vraag 14:** Die meeste kandidate het hierdie punt behaal. Dit was nie aanvaarbaar om te skryf “Ek het gedink dis ’n sportsoort” nie.

**Vraag 15:** Hier moes kandidate spesifiek wees en noem dat sy hom gehelp het om ’n oudisie by die Art of Motion-dansskool te kry.

**Vraag 16:** Hier moes kandidate twee goed noem. Die beste antwoord was een waarin hulle genoem het dat Leroy besef het dat dans ’n loopbaan vir hom kon wees en dat hy hard sou moes werk/die standaard hoog was. Kandidate wat geskryf het “hy het besef hy moes skouer aan die wiel sit” het nie ’n punt behaal nie, want dit toon nie begrip nie.

**Vraag 17:** Heelwat kandidate het hier gesukkel omdat hulle ’n hele paragraaf direk uit die teks wou neerskryf. Hulle moes kortliks noem dat die leerders vroeg opstaan en tot laat werk en dat hulle nie by hulle gesin woon nie.

**Vraag 18:** Die beste antwoord was: Hy is vasberade om suksesvol te wees, of: Hy laat hom nie deur kritiek van stryk bring nie. Talle kandidate het die woorde “dit motiveer my om te bewys dat ek ’n sukses van my loopbaan kan maak” direk uit die teks aangehaal en geen punt verdien nie, want dit beantwoord nie die vraag oor Leroy se persoonlikheid nie.

**Vraag 19:** Hierdie vraag het insig vereis – kandidate moes noem dat Leroy ’n moeilike rol soos die een in *Giselle* wil dans al vind hy komiese rolle makliker. Let wel: as hulle vir ’n bewys gevra word, beteken dit nie hulle moet aanhaal nie – hulle moet met verwysing na die teks verduidelik.

**Vraag 20:** Die meeste kandidate het hierdie vraag reg beantwoord.

**Algemene kommentaar:**

- In hierdie oefening moet kandidate nie in telegramstyl probeer antwoord nie. Dit is nie soos Oefening 1 en Oefening 3 waar volsinne nie altyd nodig is nie. Die vrae in hierdie oefening vereis gewoonlik volsin-antwoorde waarin kandidate idees volledig moet uitdruk.


https://xtremepape.rs/

- Kandidate moet die regte manlike en vroulike voornaamwoorde met betrekking tot die persone in die teks gebruik.
- ’n Vraag wat een punt tel, vereis gewoonlik een feit en twee punte vereis twee feite.
- Kandidate wat vrae in hul eie woorde beantwoord, toon werklik begrip.
- Sommige kandidate verbeur punte deur hele sinne direk uit die teks neer te skryf en te hoop dat die antwoord êrens daarin skuil. Punte word slegs toegeken as die antwoord logies op die vraag volg.
- Die vrae moenie in die antwoorde herhaal word nie.
- Kandidate moet besef dat die ruimte wat vir antwoorde verskaf word, genoeg is vir iemand met ’n normale grootte handskrif. Dit behoort nie nodig te wees om twee of drie handgeskrewe reëls per gegewe reël in te druk nie.
- Antwoorde moet met ’n hoofletter begin en met ’n punt eindig. Te veel kandidate ignoreer hierdie belangrike skryfkonvensies.

**Oefening 7**

**Vraag 21**

- Dit was duidelik dat die meeste kandidate oor hierdie onderwerp kon skryf. Talle het daarin geslaag om hulle mening oor die rol van oefening in jong mense se lewens goed uit te druk.
- Kandidate moet herinner word dat hulle hul eie mening moet gee. Sommige kandidate lewer as ’t ware kommentaar op die ses uitsprake wat gegee word eerder as om hul eie mening te stel en te bespreek.
- Sommige kandidate het verkeerdelik slegs een van die ses gegewe uitsprake as onderwerp gekies en net daaroor geskryf, wat hulle punte benadeel het.
- Sommige kandidate nie lank genoeg geskryf nie, wat ’n negatiewe uitwerking op hulle punte het. Hulle moet onthou dat hierdie skryfstuk 200 tot 250 woorde lank moet wees en nie 150 tot 200 woorde soos die een in Oefening 5 nie.

**Algemene riglyne:**

- Kandidate moet aangemoedig word om aandag aan die bou van hul skryfstuk te gee:

  - Begin met ’n doeltreffende inleidende paragraaf waarin hulle reeds hul standpunt oor die onderwerp stel
  - Die liggaam van die skryfstuk bestaan uit paragrawe wat logies op mekaar volg, met skakelwoorde verbind is en progressief ontwikkel.
  - Die slotparagraaf sluit die berig netjies af.

- Dit is belangrik dat reëls tussen paragrawe oopgelaat moet word – in die antwoordboek word daar genoeg ruimte vir die skryfstuk verskaf.
- Die taalgebruik en register moet by die teikenleser en die opdrag pas.
- Daar word nié van kandidate verwag om in kolomme te skryf nie en hulle moet dit verkieslik nie doen nie omdat hulle werk dan dikwels moeilik leesbaar is.



© 2018

https://xtremepape.rs/

# AFRIKAANS AS A SECOND LANGUAGE

**Paper 0548/02**
**Listening**

## Algemene kommentaar

Om sukses in hierdie vraestel te behaal, word van kandidate verwag om vir spesifieke inligting in tekste te luister en dan gepas daarop te reageer om te wys dat hulle die vier tekste verstaan. 'n Groot aantal kandidate se antwoorde het getoon dat hulle gesproke Afrikaans goed verstaan en korrekte gevolgtrekkings kan maak. Hul resultate is dus goed.

Werklik uitstekende kandidate het hoë punte vir die vraestel behaal en heelwat het volpunte behaal.

Dit was egter duidelik dat sommige kandidate Afrikaans nie goed verstaan nie weens te min blootstelling aan die taal en ’n gebrekkige woordeskat, sodat hulle die woorde wat hulle hoor nie herken nie. Sulke kandidate skryf die klanke neer wat hulle hoor, wat baie dikwels nie wys dat hulle die woord se betekenis begryp nie.

Wanneer die spelling van antwoorde verkeerd was, maar die woord herkenbaar, is punte wel toegeken. Eenvoudige, eenlettergrepige woorde is dikwels verkeerd gespel, soos *snay, snee, sneë*, en *syn* vir "sny" en *weit* i.p.v. "weet". Die kort woordjie "bo" is baie dikwels *boor*, of *boe* gespel.

Wanneer dit duidelik was uit 'n kandidaat se antwoord dat hy of sy die luisterteks verstaan het, hoewel die antwoord nie taalkundig korrek neergeskryf is nie of spelfoute daarin voorkom, is die punt(e) vir die vraag dus wel toegeken omdat die kandidaat wel die inligting verstaan het. Kandidate kry egter nie punte wanneer hulle antwoorde in Engels gee nie.

Kandidate moet liewer nie die antwoorde op vrae wat op die vraestel geskryf word, eers met 'n potlood skryf, uitvee en daarna oorskryf met 'n pen nie, want gewoonlik is dit dan onduidelik en soms onleesbaar op die ingeskandeerde vraestelle wat nagesien word. Hulle moet ook probeer om duidelik en netjies te skryf. Handskrif is partykeer onleesbaar en maak die vraestel moeilik om na te sien.

## Kommentaar op spesifieke vrae

### Oefening 1: Vrae 1–6

Hierdie eerste oefening van die vraestel gee minder bevoegde kandidate 'n kans om punte te verdien omdat hulle nie self woorde hoef neer te skryf nie. As kandidate nie fyn geluister het en die korrekte afleidings gemaak het nie, was antwoorde dikwels verkeerd. Uit die aantal foute by **Vraag 5** blyk dat baie kandidate nie die woord "ontbied" in die vraag verstaan het nie en derhalwe "Waar" geantwoord het, terwyl die antwoord "Onwaar" is, want die dokter en paramedikus het toevallig op die ongelukstoneel afgekom; hulle is nie "ontbied" om te kom nie.

### Oefening 2: Vrae 7–11

**Vraag 7** het kandidate laat kleitrap en dikwels is A as korrekte antwoord gekies in plaas van B. **Vraag 8** en **10** het die minste probleme gegee. Met **Vraag 11** is daar ook dikwels gefouteer. Die meeste woorde in die teks is verstaan, maar hulle moes goed luister om korrek te onderskei tussen die vier stellings by die veelkeusevrae.

### Oefening 3: Vrae 12–17

**Vraag 12** is meestal korrek beantwoord. Sommige kandidate ken nie die verskil tussen "oseaan" (enkelvoud) en "osean**e**" (meervoud) nie. Die woord is meestal verkeerd gespel.


https://xtremepape.rs/
© 2018

Vir **Vraag 13** moes die kandidate sê die ysberge moet 5 meter bo seevlak wees vir 'n punt, nie net 5 meter hoog nie.

**Vraag 14**: Sommige kandidate het nie geweet wat "getal" beteken nie en hulle kon dus nie die vraag korrek beantwoord nie.

**Vraag 15**: "radar" is soms verwar met/gehoor as radio.

**Vraag 16**: Die antwoord was: Gee ysberge name (nie net gee "hulle" name nie).

**Oefening 4: Vrae 18–25**

Sommige kandidate het die bal mis geslaan omdat hulle gedink het Maria gaan haal die honde, terwyl sy na die eienaars se huise gaan om die honde daar te versorg. Andersins is die teks redelik goed verstaan.

Daar is kandidate wat nie weet die werkwoord "lyk" beteken nie "hou van" in Afrikaans nie. Hulle aandag moet beslis hierop gevestig word.

Sommige kandidate probleme het probleme met die korrekte gebruik van voornaamwoorde, bv. die verskil tussen manlike en vroulike vorme en meervoud (hy, sy, haar, hulle) byvoorbeeld:

> "Honde voel aan dat sy lief is vir haar" i.p.v. **hulle**.
>
> Maandagoggend, "hy" (Maria) werk nie. i.p.v. Maandagoggende werk **sy** nie.

**Vraag 18**: Vir die punt moet gesê word Maandagoggend, nie net Maandag nie.

**Vraag 24(ii)**: Kandidate moes sowel "was" as "sny" noem vir 'n punt. Dit was nie korrek as kandidate net noem dat hulle "net soos Maria oor honde moes voel" nie.



https://xtremepape.rs/

© 2018

# AFRIKAANS AS A SECOND LANGUAGE

**Paper 0548/05**
**Oral**

## Key messages

In order to do well in this examination, candidates should:

- be ready to engage in a spontaneous discussion on the selected topic and provide their own input into the conversations.

## General comments

Examiners are to be commended for putting the candidates at ease and prompting them with appropriate questions. This led to good responses and interesting conversations.

The recordings were generally of a good standard and clearly labelled.

The CDs and USB sticks were appropriately packed in covers and in padded envelopes to protect them in transit.

The marking was carried out to a satisfactory standard. As instructed, mark sheets were included and the timing of the tests followed the format required by the syllabus.

## Comments on specific questions

### Topic Conversation

Several topics were covered in this section of the test and most candidates were able to express themselves naturally and spontaneously. The better candidates used the cues from the bullet points on the card and expanded the conversation into related areas of specific interest to them.

Most of the candidates were confident and gave relevant explanations and answers to questions without much hesitation.


https://xtremepape.rs/
© 2018